

# Hoe installeer jy TireGuard TPMS?

Die monitor se battery is reeds vol gelaai.

Die rapporterings eenhede is reeds omgeskakel van Amerikaans na desimaal.

## 1) Installeer batterye in die sensors:

- Draai die swart doppie van die sensor af en druk die battery onder die blink plaatjie in met die plat + kant bo.
- Maak die rand van die doppie effe nat en skroef stewig vas. Die sensor is nou waterdig.
- (Maar WAG eers!: Moenie nou-al die sensors vas draai nie. Die normale drukking van elke wiel moet eers ingestel word op die Monitor)

## 2) Skakel Monitor aan. Druk die Middel Knoppie.

- Ons is nou in die *Monitor Modus*.
- Die skermpie wys:
- Die buitelyn van 'n voertuig. Die posisie/wiel links voor is donker gemerk.
- U sien \_\_\_ Bar op die boonste lyn.
- As u die knoppie Regs aanhoudend druk, sal die \_\_\_ Bar verander na \_\_\_°C vir die wielposisie links voor.
- Die merker sal dan skuif na die posisie/wiel regs voor. Dit wys Bar en dan °C.
- Die *Monitor Modus* is die skerm wat u sal sien wanneer u bestuur.
- Dit sal die motor se wiellesings wys na die volle installeringsproses in die volgende paar stappe:

## 3) Stel Normale Druk:

- Druk en houvas middelste knoppie tot dit piep.
- Dit is die *Stel Modus*.
- Linker voorwiel stelling wys waarskynlik 8 bar.
- Verander na 0.1 bar laer as die korrekte druk vir die spesifieke band.
- bv. indien die normale druk vir die voorwiel 2 bar is, stel dit na 1.90 bar.
- Druk Links en houvas om die drukking vinnig te verlaag.
- Dan Regs om met 0.01 bar inkrementele terug te gaan nadat u verby is.
- Indien u op die syfer kon stop, is u seker 'n videospelletjie kampioen.
- Druk dan weer middel om aan te beweeg na die regter-voorwiel. Sal moontlik 8 bar wys, verminder ens.
- Verstel met Links en Regs.
- Druk weer verskeie kere die middel om af te beweeg na waar u die ander wiele wil plaas.
- Houvas dan weer middel tot die piep om uit "*Stel Modus*" te gaan. (U is nou terug in *Monitor Modus*)

## 4) Registreer Eksterne wielsensor op die monitor:

- Verwyder die doppies van die wielkleppe en maak skoon met 'n lap.
- Geen doppies nie? Oorweeg om nuwe kleppe aan te skaf.
- Kyk dat daar nie skade aan die rand van die kleppe is nie. Dit moet van nou af die lug binne hou.
- Skaf sommer terselfdertyd die kortste kleppe aan.
- Meet die banddruk koud met 'n betroubare meter en verstel na wat u dit verkies.
- Neem in ag dat vervaardigers hoër druk spesifiseer as wat nodig of gemaklik is, net om aan die veilige kant te wees.

## 5) Aktiewe sensors word nou op die monitor geregistreer:

- Druk en houvas Links en Regs saam tot die piep.
- Die skerm wys drie strepies, die LED skyn Rooi en die linker voorwiel posisie flikker.
- U is nou in die *Leer Modus*.
- Draai 'n sensor op die linker voorwiel se klep. ('n Bietjie spoeg op die klep beskerm die rubberseël).
- (Of pomp nou die wiel met die Interne Sensor.)
- Wees versigtig, jy het nou baie meer hefboom as op 'n gewone stofdoppie.
- Die LED behoort na 'n paar sekondes Groen te skyn en die skerm 'n lesing te wys. Waarskynlik so 0.1 bar onder die regte druk.
- Moenie bekommer oor die verskil nie. Verduideliking volg later.
- Ek toets alle sensors en elke stel kry sensors wat ongeveer dieselfde lesing gee.
- Kyk dat die sensors nie teen die wiel kan kap as dit skud op 'n slegte pad nie.
- Indien wel, laat korter of metaal klephouers insit.
- Druk dan een keer Regs om na regter voorwielposisie te skuif. Draai sensor op.
- Druk Regs verskeie male om af te beweeg na die posisie waar u die linker agterwiel opgestel het in die Set Modus. Draai sensor op. Ensovoorts.
- Druk eenmaal Regs en draai Regs Agter se sensor vas.
- En hou so aan indien jy ook 'n sleepwa opstel. (Jy kan altyd later meer sensor posisies byvoeg.)
- Houvas Regs en Links gelyktydig tot die piep, om uit te gaan.
- U is nou terug in *Monitor Modus*.
- Slegs posisies met geïnstalleerde sensors sal nou wys.

## 6) Interne Sensors word deur 'n bandeplek installeer.

- Staan gereed met die monitor in '*Leer Modus*' (rooi liggie) wanneer die band opgepomp word.
- LED liggie word groen sodra die sensor registreer.
- Wanneer die volgende band gereed is om opgepomp te word, Druk Regs om na daardie wiel/posisie te beweeg.
- LED word groen sodra sensor registreer.
- Wag totdat die volgende band gereed is om te pomp, skuif regs na daardie posisie en wag dat LED groen word.
- Nadat laaste wiel geregistreer is, hou L + R to the biep om uit *Leer Modus* te gaan.
- U is nou weer terug in *Monitor Modus*.

## 7) Plasing van die monitor:

- Indien u van die 'Velcro' strokies wil gebruik maak, maak eers beide oppervlaktes skoon met brandspiritus of 'n ander oplosmiddel.
- Of plaas die monitor sommer in 'n gaatjie in die paneelbord.
- Dit is nie nodig om die monitor dop te hou terwyl u bestuur nie. Dit piep en flikker as enige wiel se druk te laag is of die temperatuur te hoog is.

## 8) Notas oor Druklesings:

- Druklesings is aan die veilige kant, gemiddeld 0.1 bar onder werklike druk.
- Dit is normaal en binne die vervaardiger se "tolleransies".
- Die sensors gee altyd dieselfde lesing op 'n bepaalde druk, maar is nie gekalibreer nie.
- Gegewe lesings is nou normaal vir u voertuig.
- Indien 'n sensor te ver uit is na u mening, ruil dit om met een van u spaar sensors,
- Of stuur dit terug vir 'n nuwe een, met 'n nota van die variasie van u ander sensors.
- Ek toets dat alle sensors werk oor 'n afstand van 20m (met lugdraad ingedruk) en groepeer hulle vir gelyke lesings.

### 9) Om 'n sensor se posisie om te ruil of te "reset":

- Hou Links en Regs tesame tot die piep. (om na *Leer Modus* te gaan)
- Druk Links of Regs om by die regte posisie te kom.
- Hou vas middel knoppie tot die lesing verdwyn en die LED Rooi word.
- Draai 'n nuwe sensor op. Die monitor piep, LED word Groen en 'n lesing wys.
- Houvas Links en Regs tesame tot die piep, om uit *Leer Modus* te gaan. (U is nou weer terug in *Monitor Modus*.)

### 10) Slaap Modus:

- Na 10 minute van geen beweging skakel die monitor af. (*Slaap Modus*)
- Dit skakel weer aan met die geringste beweging, maar die lesings wat dan wys is die laaste ontvang voor afskakeling.
- Nuwe lesings verskyn soos die sensors veranderings rapporteer.
- Die sensor stuur slegs 'n verslag indien die lesing noemenswaardig verander het.

### 11) Antwoorde op Algemene Vrae:

- Moenie die monitor gekoppel laat aan die laaier nie, aangesien meeste sigaretaanstekersokke afskakel saam met die enjin.
- Die monitor sal na 'n maand of so waarsku as sy battery gelaai moet word.
- Indien die monitor "No5" (no sensor) wys, dan het dit nie onlangs 'n verslag van daardie sensor ontvang nie.
- Toets werking deur daardie sensor af te skroef en na 10 sekondes weer aan te skroef.
- Indien "Sensor" (+ battery teken) kan dit beteken dat die sensorbatterye pap raak.
- Indien die TireGuard monitor "No 5" (no sensor) of "sensor" (+ battery teken) wys vir 'n karavaan wiel, kan dit beteken dat die radiosein versper word.
- Verbeter opvangs deur die lugdraad uit te trek. (Moenie aan die blink metaal van die lugdraad raak nie, dit is sensitief vir statiese elektrisiteit.)
- Toets werking deur 'n karavaan wiel se sensor af te skroef.
- Dit kan ook help om die monitor hoog te monteer. Dalk op sy kant bokant truspieëltjie.
- 'n CR1632 Lithium-Mangaan battery is 3.3+ Volt nuut.
- Vervang indien dit onder 3.1 Volt lees.
- Tireguard sensors werk heel goed op standaard rubber klephouers solank hulle nie teen die wiel kan kap as dit skud nie. (Soos op sinkplaatpad).
- Gebruikers wat gereeld slegte paaie ry, kan 'n tweede klep in die wiel laat insit vir die sensor om dit uit die pad van klippe en takke te hou.
- Let net op die ruimte wat die remblokke benodig, veral op die voorwiele.

**Veilige Reis!**